

## Staan op God se Woord

Wanneer jy jou huweliksbeloftes verbreek. Jy oortree God se Woord, breek jou eggenoot se hart, lewe met die vrees om uitgang te word en ruil korttermyn plesier vir langtermyn pyn. Voor jy dus betrokke raak, soek God se hulp en staan op sy Woord. 'Respekteer die huwelik in alle omstandighede. Wees getrou aan julle huweliksmaats. God sal almal wat immoreel lewe en in die huwelik ontrou is, in die oordeel bring' (Hebreërs 13:4 NLV). 'Daarom moet julle die volgende wêreldse dinge afsterf wat deel van julle lewe is: seksuele sondes, alles wat julle onwaardig maak om God te ontmoet, wellus, slegte begeertes en gierigheid...' (Kolossense 3:5 NLV). '...Ons moet nie betrokke wees by... seksuele en losbandige uitspattigheid... nie. Nee, soos 'n mens jou klerre aantrek, moet julle die Here Jesus Christus 'aantrek', en nie 'n duimbreedte toegee aan die begeertes van julle sondige natuur nie' (Romeine 13:13-14 NLV). 'Vlug dus weg van seksuele losbandigheid. Geen ander sonde beïnvloed 'n mens se liggaam so direk soos hierdie een nie... Of verstaan julle nie dat julle liggame 'n tempel van die Heilige Gees is wat in julle woon en deur God aan julle gegee is nie? Julle behoort nie aan julleself nie, want julle is teen 'n duur prys gekoop. Daarom moet julle God met julle liggame verheerlik' (1 Korintiërs 6:18-20 NLV). 'Onthou, die versoekings wat oor julle pad kom, is nie uniek nie; ander ondervind dit ook. God is getrou. Hy sal keer dat die versoeking te sterk vir julle word. Midde-in die versoeking sal Hy vir 'n uitweg sorg so dat julle kan volhou' (1 Korintiërs 10:13 NLV). As jy met die idee speel om 'n affair te hê, of as jy alreeds in een is, of as jy probeer om uit een te kom, staan vandag op die Woord van God en glo Hom vir 'n oorwinning.

deur Bob & Debby Gass

## Gemeente – Algemeen

- Dank GOD vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
- Bid vir Vaalpark gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
- Bid vir die eredienste; ons lidmate; Onbeperk en ons predikante

## Voorbidding

- \*Bid asb vir Janine Vorster vir deurbraak in haar gesondheid
- \*Bid asb vir Lottie Conradie-kry baie swaar. Het MS. Bid vir die Here se nabyheid
- \*Bid asb vir Maria Steyn vir volle genesing
- \*Bid asb vir Sampie Swart vir nabyheid vd Here. Hy is siek
- \*Bid asb vir Gert en Magriet du Plooy vir volkome genesing
- \*Bid asb vir Ria Putter vir volkome genesing
- \*Bid asb vir JP vd Walt vir volle genesing-hy het longvlieskanker
- \*Bid asb vir Hennie v Aswegen vir genesing vir sy voete
- \*Bid asb vir John Stapleton-vir beterskap en volle genesing Het brein operasie gehad
- \*Bid asb vir Thea Bosman-sy het kanker
- \*Bid asb vir Basie Roux vir volle genesing-hy het prostaatkanker
- \*Bid asb vir Evie Benson vir volle genesing
- \*Bid asb vir Suzette Fourie vir volle genesing
- \*Bid asb vir Hercules vd Merwe vir volle genesing
- \*Bid asb vir Andrew Oosthuizen vir herstel na operasie
- \*Bid asb vir Vic Day vir volle genesing

## Gehoorsaam

Leer my om U **wil** te doen,  
want U is my GOD! Laat U  
**goeie GEES** my op 'n  
**gelyk** pad lei

Psalm 143:10

## Onthou om te onthou

Datum	"Topic"	Plek
09 Feb 2020	Nagmaal	NG Kerk
06-08 Mar 2020	Gemeentekamp	Soetdoring
17 Mei 2020	Paassangdiens – Rudi Muller	@ 08:30

(hierdie geleentheid mag jy nie misloop nie)

## Dank Gebede

- Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk
- Dankie dat U, U **ENIGSTE SEUN** gestuur het om vir my aan die houtkruis te sterf
- Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe & omgee & dankie HERE dat U altyd daar is vir my!
- Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie dat U ons hand nooit sal los nie.
- Dankie vir U **wondergroot genade...**
- HERE, ek het U lief! AMEN



INTEGRITY  
IS DOING THE  
RIGHT THING.  
EVEN WHEN  
NO ONE IS  
WATCHING.

C.S. LEWIS

## Gedagte vir die week

No matter how educated,  
talented, rich or cool  
you believe you are,  
how you treat people  
ultimately tells all.  
**INTEGRITY**  
is everything.